OGGEND-BYBELSTUDIE
"GEBED"
STUDIESTUK 1

Enkele vooraf opmerkings:
Mag ons ons nadink en studie oor gebed "afskop" deur die volgende aanname te bedink (en te bespreek)?

1. **"'n Mens kan geen gebed uitdink wat nie inbegrepe is in Jesus se modelgebed in Matteus 6:9-13 nie. Dit is onmoontlik om die Onse Vader-gebed na te bid terwyl jy jou volle aandag op elke woord daarvan rig,**
   sonder dat daar 'n verandering,
   miskien onopmerklik klein
   maar tog onmiskenbaar,
   in jou plaasvind."

2. "Gebed is iets heel anders as om die Here van hemel en aarde se arm te probeer draai. Ons is immers gebroke en onvolmaakte mense wat ons nie durf verbeel dat God daar is om óns te dien nie.

   Ons is bevoorreg om deur God in diens geneem te word . . . . ."

Oordink die volgende vir bespreking in die groep:

JESUS HET DIT NODIG GEVIND OM DIKWELS TE BID –
KAN DIT DAN VIR ÓNS ANDERS WEES?

Lees die volgende Skrifgedeeltes. Wat leer dit jou oor Jesus en gebed?

- Matteus 14:23
- Matteus 26:36-39
- Markus 1:35

- Markus 6:46

- Lukas 5:16

- Lukas 6:12

<u>Slotopmerking</u>:

"HERE, LEER MY BID!

SKENK AAN MY WOORDE, INHOUDE,

'N HART

WAT U ORE HAAL.

AMEN"